# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

## FEBRUARY / FEBRUARIE
## *MARCH / MAART*

## 2005

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Letterkunde)**

**HG** **101-1/3**

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL HG: Vraestel 3

**16 bladsye**

101 1 3 HG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Letterkunde)**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 120**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Beantwoord: EEN vraag uit Afdeling A
  DRIE vrae uit Afdeling B
  EEN vraag uit Afdeling C

---

## AFDELING A
## KREATIEWE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- EEN opdrag van 40 punte moet in Afdeling A gedoen word.
- Skryf die nommer van die vraag wat jy kies, neer.
- Hou by die vereiste lengte.
- Besin en beplan deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.
- Die lengte van die skryfstuk moet ongeveer **450 – 550** woorde wees.

Jy het gedurende die afgelope paar jaar in Afrikaansonderrig met skryfwerk oor 'n wye terrein kennis gemaak. Skryfwerk impliseer nie net skriftelike kommunikasie en die hantering van verskillende skryfstukke nie, maar ook taalvaardigheid en taalgebruik.

Hou by jou skryfstuk die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

---

### VRAAG 1

### DÍS DIE DINGE WAT JOU TROTS MAAK

1.1 As 'n mens vir 'n oomblik die supercoolhouding in jou sak steek en toelaat dat 'n sweempie patriotisme die oorhand kry, dan moet jy saamstem dat daar tóg dinge in die omgesukkelde, geteisterde en gewelddadige land van ons is om op trots te wees.

Wat is eie aan Suid-Afrika? Wat gee jou plesier om hier te bly eerder as om jou tasse te pak vir 'n beter lewe in Australië of Londen? **Beskryf** die dinge wat jou trots maak om 'n Suid-Afrikaner te wees.

**OF**

1.2




So dikwels hoor 'n mens die woorde: "Maar almal doen dit!" Bestudeer die bostaande strokiesprent en skryf 'n skryfstuk waarin jy **bespiegel** oor die wysheid wat Snoopy kwytraak. (40)

**OF**

1.3

**"Leerlinge, ouers moet self sê oor godsdiens op skool"**

'n Konsepbeleid vir godsdiensonderrig in skole bepaal dat godsdiensbeoefening nie in skole hoort nie. Hierop het uiteenlopende menings gevolg van politieke partye, ouers, leerders en ander belanghebbendes by die onderwys in Suid-Afrika. Lug jou mening in hierdie verband in 'n **beredenerende skryfstuk.** (40)

**OF**


1.4

**"Daar is niks erger as slegte advies nie."**

Hierdie wyse woorde kom van die Griekse skrywer Sophocles. **Vertel** watter gevolge iemand se slegte advies vir jou gehad het. (40)

**OF**

1.5 Bestudeer die meegaande strokiesprent en die boodskap wat dit wil tuisbring en skryf 'n **toespraak** getiteld: **Dit reën nooit as jy daarvoor vra nie**. (40)




**OF**

1.6


**"As die taxi nie gestop het nie, was my lewe nog dieselfde..."**

Skryf 'n **storie** waarin hierdie sin voorkom – enige plek. Jou storie moet 'n titel hê. (40)

**OF**

1.7 Waaraan dink jy as jy na die volgende prente / illustrasies kyk? Skryf 'n skryfstuk oor EEN van die prente en voorsien jou skryfstuk van 'n treffende titel. Skryf die nommer van die illustrasie wat jy kies boaan die skryfstuk. (Jou skryfstuk kan enige aard, styl of trant wees. Dit kan byvoorbeeld verhalend, nugter-beredenerend, bespiegelend of beskrywend wees.) (40)

1.7.1



**OF**

1.7.2



**OF**

1.7.3



**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
## FUNKSIONELE SKRYFWERK

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord Vraag 2 en Vraag 3.

  Hou by elke opdrag die volgende belangrike skryfbeginsels in gedagte:

- Die DOEL wat jy met die skryfstuk wil bereik
- Die TEIKENGROEP op wie die skryfstuk betrekking het
- Die VORM wat die skryfstuk behoort aan te neem
- Die TAAL en STYL wat by die skryfstuk pas

### VRAAG 2

- Kies TWEE van die volgende opdragte om oor te skryf.
- Die lengte van die skryfstukke moet 180 – 200 woorde wees.

2.1 Die volgende brief het in ***Beeld*** van 7 Junie 2003 verskyn. (Gewysig).

**Kinders in uniform rook op straat**

Donderdag op pad werk toe sien ek op 'n straathoek drie kinders in die uniform van 'n Hoërskool besig om te rook.

Ai, as hulle maar net weet wat hulle hulself aandoen.

As iemand hulle maar net kan laat verstaan dit is nie "cool" om te rook nie, dat hulle besig is om vir hulself 'n yslike probleem vir die toekoms te skep, dat hulle hul gesondheid en lewensgehalte ernstig in gevaar stel.

Dalk lees een van hulle hierdie brief en kom tot sy of haar sinne, voordat dit te laat is.

■ **Antirook**


Dink jy die briefskrywer is onnodig sentimenteel of stem jy saam met hom/haar?

Skryf 'n brief aan die **pers** in reaksie op Antirook se brief. Rig jou brief aan:

Die Redakteur
Beeld
Posbus 333
Aukland Park
2006 (20)

**OF**

2.2 Jy was ooggetuie van die ongeluk wat in die strokiesprent uitgebeeld word. Skryf 'n **ooggetuieverslag** vir die polisie. (20)




**OF**

2.3 Skryf 'n **koerantberig** met die volgende opskrif:

## Ou spook gee familie hel! (20)

**OF**

2.4 Doen in 'n **brief** aansoek om EEN van die poste in die advertensie wat in 'n dagblad verskyn het. Bestudeer die advertensie baie goed ten einde jou te vergewis van die vereistes met betrekking tot die spesifieke pos. Jou aansoek moet, soos versoek, per e-pos gestuur word.

CUM BOOKS BOEKE

Christian Family Bookstore • Christenfamilie-boekwinkel

Ons benodig die dienste van
dinamiese persone vir ondergenoemde poste:

- **WINKELASSISTENT (Dag/aand)**
- **WINKELASSISTENT (Musiekafdeling)**

*(Pretoria-area)*

**Vereistes:**

- Rekenaarvaardig, veral Microsoft-pakket.
- Kleinhandel- of verkoopsondervinding.
- Vriendelike en flinke geaardheid met 'n kliëntdiens-georiënteerdheid.
- Ten volle tweetalig (Afrikaans en Engels).
- Kennis van Christelike musiek.

Indien u in een van hierdie poste belangstel, faks u verkorte CV na 016 422 0062 vir Yvonne se aandag of e-pos dit na yvon@cum.co.za
Merk duidelik vir watter pos u aansoek doen.

**OF**

2.5




Iemand wat aan jou baie goed bekend was, is onlangs oorlede. Skryf 'n **huldeblyk** oor hom/haar. (20)

**OF**

2.6




Aan die einde van hierdie jaar verlaat jy jou ouerhuis om verder te gaan studeer of elders te gaan werk. Dis onvermydelik dat jy in hierdie stadium van jou lewe sal terugdink aan die jare in jou ouerhuis. Skryf daaroor in jou **dagboek**. (20)
**[40]**

**EN**
**VRAAG 3**

- Beantwoord EEN vraag van 10 punte.
- Die lengte van die skryfstuk moet **80 – 100** woorde wees.

3.1 Jou voorbereiding is afgehandel en jy is tans besig met jou eindeksamen. Jy kan dus waardevolle raad verskaf aan leerders wat na jou ook hierdie eksamen moet aflê. Jy word gevra om **10 eksamenwenke** neer te skryf vir plasing in 'n tienertydskrif. Skryf hierdie wenke. (10)


**OF**

3.2 Die volgende brief het in die rubriek **"Hoe nou gemaak"** van 'n tienertydskrif verskyn. Watter raad het jy aan *Computer Freak?*

> Ek speel tot tien ure per dag rekenaarspeletjies, en het al 'n paar keer skool geslip om 'n level klaar te maak. Ek is bang ek is verslaaf daaraan. Wat doen ek nou?
>
> *Computer Freak*

**OF**

3.3




Jy reël 'n afskeidspartytjie vir jou maats. Ontwerp die **spyskaart** vir hierdie geleentheid. Die ontwerp, sowel as die disse op die spyskaart moet aanpas by die tema van jou partytjie. (10)

**[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [50]**

## AFDELING C
## LETTERKUNDE

- Hierdie afdeling tel 30 punte.
- Jy moet EEN vraag uit hierdie afdeling beantwoord.
- Die vrae handel onderskeidelik oor ***Boeket*** (**Tony Links e.a.**) en ***Verlore Paradyse*** (**N.J. Snyman**)

### *BOEKET* (TONY LINKS E.A.)

Beantwoord die kontekstuele vraag OF die paragraaftipe vraag.

**OF**

### *VERLORE PARADYSE* (N.J. SNYMAN)

Beantwoord die kontekstuele vraag OF die paragraaftipe vraag.

### VRAAG 4
### KONTEKSTUELE VRAAG: *BOEKET*

Lees die uittreksels aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg:

> 'Edele heer', sprak de waard na enige ogenblikken in verlegenheid voor zich gekeken hebben, 'uw woorden verblijden mij en doen mij de offers vergeten, die ik voor de bereiding van dit gerect gebracht heb. Vergun echter dat ik de naam ervan niet noem en wees zo goed tevreden te zijn met de verzekering, dat ik slechts het edelste wild uw schotel heb waardig geacht.'
>
> "Dat is braaf gesproken', meende de hertog glimlachend, 'elke kok heft zijn geheimen. Wil iemand van de heren zo goed zijn mijn servetring op te rapen die onder de tafel gevallen is?'
>
> Een der hovelingen bukte zich. Na enige ogenblikken kwam hij boven; hij zag krijtwit,
>
> 'Wat is er, Rodriguez?' vroeg de hertog schertsend, 'hebt gij een verschijning gezien?'
>
> 'Neen, heer. Een houten been.'
>
> Dit was de laaste maaltijd die de herbergier van Pidalgo gaf. Hij stierf kort daarop en werd begraven in Las Casas, nabij Cordova.
>
> (***De herbergier van Pidalgo"*** - **Godfried Bomans**)

4.1 Na wie verwys **Edele heer** in r. 1? (1)

4.2 Watter verband is daar tussen die woord **offers** in r. 3 en **houten been** in r. 14? (2)

4.3 "Hig zag krijtwit" (r. 11)

4.3.1 Watter emosie word hierdeur aangedui? (1)

4.3.2 Wat is die rede hiervoor? (1)

4.4 Waarvoor was die herbergier veral bekend? (1)

4.5 Daar was hongersnood in die land.

4.5.1 Wat was die oorsaak van die hongersnood? (1)

4.5.2 In watter drie opsigte het die herbergier gely onder die hongersnood? (Beantwoord in drie kort sinne) (3)

4.6 Die herbergier het geweet daar is geen voorrade in sy herberg nie. Waarom het hy die uitdaging van die edele heer aanvaar en belowe om 'n ete voor te berei? (2)

4.7 Wanneer kom die leser agter waarop die **edelste wild** in r. 6 dui? (2)

4.8 Die herbergier word vroeër in die verhaal beskryf as 'n **zonderlinge mens**.

4.8.1 Wat beteken die woord **zonderling**? (1)

4.8.2 Waarom word hy op hierdie wyse deur die mense beskryf? (2)

4.9 Waarom was hierdie maaltyd (r. 15) die herbergier se laaste? (1)

4.10 Dink jy die herbergier het hom skuldig gemaak aan kannibalisme? Motiveer. (2)

**EN**

De mier stond voor een afgrond. Hij keek in het rond en zag toen in de diepte wit schemeren. Onmiddellijk stortte hij zich omlaag, duwde de suikerklont weer tegen de muur en vervolgens er langs en zag hem opnieuw verdwijnen.

Dit gebeurde nog twee keer en toen lag het witte gevaarte op straat. De mier duwde het tegen de onderste tree van de trap aan, perste zich toen tussen de suiker en die tree en viel van vermoeidheid in slaap; wel wetend, dat hij klaar wakker en helder moest zijn, wanneer hij ging overleggen wat hij verder met die verschrikkelijk grote vracht moest doen. Want dat hij zijn verdere leven hieraan wijden wilde stond voor hem vast. Zijn formidabele kracht had hem, zoals gezegd, al een zekere bekendheid gegeven bij de andere miere, maar als 'de mier van de suikerklont' zou iedereen hem leren kennen en hem zou eerbied en roem toevallen.

**(*De mier, de eerbied en de roem"* – Anton Koolhaas)**

4.11 Watter twee eienskappe van die mier soos blyk uit r. 12 tot 15 het hom geskik gemaak vir die taak om die suikerklont te verskuif? (2)

4.12 Wat gebeur uiteindelik met die mier en die suikerklont nadat sy prestasie behaal is? (2)

4.13 Watter waarheid omtrent roem word in dié verhaal geïllustreer? (2)

4.14 Watter karaktertrek van die mier kom na vore in die sin in r. 10 tot r. 11? (1)

4.15 Noem een struikelblok wat die mier met sy "grote vracht" (r. 10) teëkom. (1)

4.16 Dink jy wat die mier gedoen het, is bewonderenswaardig? Motiveer. (2)
**[30]**

**OF**

## VRAAG 5
## PARAGRAAFTIPE VRAAG: *BOEKET*

5.1 In die kortverhaal, ***Die herbergier van Pidalgo*** deur **Godfried Bomans**, word die hoofkarakter uitgebeeld as 'n uitsonderlike karakter vir wie die lewe slegs sin maak as hy gaste kan onthaal. Bespreek hierdie stelling in **200 – 250** woorde deur aandag te skenk aan die volgende aspekte:

- Sy uitsonderlike karakter
- Sy fisiese en geestelike agteruitgang tydens die hongersnood
- Sy oplewing
- Die skokkende slot
- U eie mening oor die skokkende slot (20)

**EN**

5.2 ***De mier, de eerbied en de roem*** deur **Anton Koolhaas** is 'n diereverhaal; maar is 'n werk wat aktueel is deurdat bepaalde aspekte van menswees toegelig word. Bespreek die aktualiteit van hierdie kortverhaal in **120 – 150** woorde en gee veral aandag aan die volgende aspekte:

- ambisie en die najaag van roem
- die insig waartoe jy kom (10)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 6
## KONTEKSTUELE VRAAG: *Verlore Paradyse*

Lees die uittreksels aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Ek moes geweet het dis 'n flater. As daar een mens in die wêreld was aan wie Ouboet onvoorwaardelik geglo het, dan was dit juis Pa. Hoekom, weet ek nie. Per slot van sake was Pa nooit juis verknog aan ons nie. En veral nie aan Ouboet nie – eintlik was hy beskou as 'n oorlas. Hoe dit ook al sy, daardie aand moes ek maar weer die storie vertel; noukeurig, tot in die fynste besonderhede, met Ouboet knorrig tussen die kussings, gereed om my ongeduldig in die rede te val elke keer as ek dit waag om iets uit te laat...

Maar die erkentenis was geen troos nie, eerder 'n nuwe bron van bekommernis, 'n genadelose belydenis van my eie onvermoë. En toe ek later slaap, het ek gedroom Pa klop aan die voordeur en ek bekruip vir Ouboet terwyl hy slaap en slaan hom met 'n skerp klip teen die kop, en slaan en slaan hom, meedoënloos, totdat die bloed uit sy oë stroom. Maar hy word wakker en gryp my aan die keel en lag en wurg my en wurg my en dwing my om die storie te vertel terwyl Pa staan en luister.

Ek het wakker geword, vervaard. Die komberse was van my bed af en voor my het Ouboet gestaan: groot en donker en verskriklik. "Hoekom huil jy? Hoekom huil jy?" het hy aanhoudend gevra. Bekommerd. Gereed om te help as hy kan. Onbewus daarvan dat hý die oorsaak van alles is. En toe reeds, terwyl ek na hom luister, na sy angstige stem, het ek geweet dat die oomblik aangebreek het: dat die waarheid moes uit.

***Slaaptydstorie* – Chris Barnard**

6.1 In watter opsig kan die sin in r. 1 tot 2 as ironies beskou word? (1)

6.2 Waarin volgens r. 10 lê die verteller se "eie onvermoë"? (1)

6.3 Na aanleiding van r. 9 tot 14, watter gevoel koester die verteller jeens Ouboet? (1)

6.4 Dramatiese ironie kom voor in r. 19 tot 21. Oor watter inligting beskik die lesers wat aan Ouboet onbekend is?" (2)

6.5 In watter opsig som die sin in r. 23 ("...die waarheid moes uit") die dilemma waarin die verteller verkeer op? (2)

6.6 Skryf 'n frase uit r. 1 tot 9 neer wat op die verteller se roetine saans dui. (1)

6.7 Waarom het die slaaptydstorie aan Ouboet 'n bron van kommer vir die verteller geword (r. 15 tot 16)? (2)

**EN**

“Vandag kom hy,” sê sy aan die wêreld, en dit klink of sy bid.

Die kerk se horlosie antwoord, sy knik met haar kop en glimlag omdat die horlosie haar verstaan het.

Ek is langs haar, verskrik deur die vreugde in haar oë. Ek wil dit vinnig aan haar sê, maar sy buk en trek 'n onkruid uit die grond tussen die stoep se barste.

Sy gaan met die trappe af in 'n verwaarloosde tuintjie. Sy strek haar hande langs haar uit, streel oor die koppe en grashalms en sydistels.

“Vandag kom hy,” sê sy weer en soek 'n blom wat sy kan pluk. Halfpad vergeet sy wat sy soek, miskien omdat sy net sydistels in blom sien. Dan jeuk dit om haar enkels, sy buk en trek die klitsgras van haar wolkouse af. Die klitsgras herinner haar aan iets. Haar oë raak stroef. Sy lyk meteens hartseer. Daarop wag ek lankal – nou kan ek haar sê. Maar sy hou 'n skilpadkewertjie in haar hand, kyk vol blydskap hoe die dier sy dop oopvou en hom uit haar hand bevry. So gaan dit altyd – ek kom nooit so ver om haar te sê nie. Elke keer gebeur daar iets – ek kan haar nooit bereik nie.

***Terugkeer van 'n soldaat” –* Dolf van Niekerk**

6.8 Skryf die frase uit r. 2 neer waarin personifikasie voorkom. (1)

6.9 Waarna verwys **dit** in r. 4? (1)

6.10

6.10.1 Skryf twee frases uit r. 4 tot 9 neer wat op verval dui. (2)

6.10.2 Wat word met die verval geïllustreer? (1)

6.11 Watter simboliese betekenis verkry die **skilpadkewertjie** in r. 15 binne die verhaalkonteks? (1)

6.12 Wat is die moeder se **verlore paradys**? (1)

6.13 Skryf 'n woord uit r. 10 tot 18 neer wat kontrasteer met die woord **vreugde** in r. 4. (1)

6.14 Dink jy die verteller kry werklik nie die geleentheid om sy doodstyding aan sy moeder oor te dra nie? Motiveer. (2)

**EN**

Frannie en sy pa eet in die kombuis. Sy ma slaap weer. Die Swartlander het haar goed gedous.

“Pa, kan ek vanaand die bakkie vat?”

“Maar hoe dan nou? Jy't tog g'n 'n dryfliksens nie.”

“Ek meen die seebakkie. En die nette.”

Sy pa kyk net na hom.

“Pa, sy gaan nie die seisoen maak nie.” Hy hoor sy stem bewe.

“Asseblief. Daar's nie maan vanaand nie.”

Sy pa kyk net na hom.

“Net een, asseblief, Pa. Ek sal die bakkie anderkant uitsleep en oor

die duine terugkom. Ek...ek kan dit nie vat dat sy my so moet vra nie."

"Fransoois." Dit sê sy pa net voor hy die slaanstrêp vat.

"Kyk na jou hande. Vanlat jy in daai Kaapse skool is, het jy sag geword. Vakansies wil jy ook nie meer saam met my see toe nie; nee, dis kamma dít leer of dát oplees. Ek kyk vir jou, seun. Ek sien wat kom."

"Wat het dit met een skerpioen te doen?"

"Ek vertrou jou nie. Jy sal jou afsukkel en dalk my bakkie omneuk, en straks nog met niks uitkom. Hoor hoe tel daai see op. Dis nie 'n plek vir sagte pote nie."

Frannie voel sy gesig gloei.

Sy pa stoot sy vuil diepbord weg en staan op. Hy haak sy vissak van 'n draad aan die plafon af en loop deur toe.

"Ek sal vir jou ma een kry. Lat die swernote my maar toesluit ook."

"Pa, *asseblief.*"

**Die skerpioene – Paul C. Venter**

6.15 Verduidelik die sin in r. 1 tot 2 "Die Swartlander het haar goed gedous". (2)

6.16 Watter emosie word weergegee met die frase in r. 7 "...sy stem bewe..."? (1)

6.17 Wat is die rede vir die kursiefgedrukte **asseblief** in r. 26? (1)

6.18 Wat is opvallend van die vader se taalgebruik? (1)

6.19 Waarom word daar in r. 18 na **skerpioene** verwys as daar van krewe gepraat word? (1)

6.20 Noem twee moontlike redes waarom Frannie se pa hom nie die bakkie wil gee nie. (2)

6.21 Hoe sou jy Frannie en sy pa se wetsoortreding regverdig, indien jy in 'n hof gevra word om dit te doen? (2)

**[30]**

**OF**

## VRAAG 7
## PARAGRAAFTIPE VRAE: Verlore Paradye

7.1 Frannie en sy pa maak hul in die kortverhaal, **Die skerpioene** deur **Paul C. Venter**, skuldig aan 'n wetsoortreding; tóg kan die lesers hul daarmee identifiseer omdat die oortreding goed gemotiveer word. Bespreek hul oortreding in 150 tot 180 woorde deur te verwys na die volgende aspekte:

- Frannie se aanvanklike houding teenoor sy siek ma
- Frannie se motivering vir die wetsoortreding
- Sy pa se aandeel in die wetsoortreding
- Die essensie van die oortreding
- Jou eie mening of die oortreding moreel geregverdig kan word. (15)

**EN**

7.2 Hilda in ***Die invloed***, die moeder in ***Terugkeer van 'n soldaat***, en die verteller in **Slaaptydstorie** is al drie tragiese figure vanweë die vergeefse stryd waarteen hul veg. Bespreek hierdie stelling in 150 tot 180 woorde en gee aandag aan die volgende aspekte:

- Hilda as tragiese figuur in ***Die invloed***
- Die moeder as tragiese figuur in ***Terugkeer van 'n soldaat***
- Die verteller in ***Slaaptydstorie*** as tragiese figuur
- Jou eie mening of daar in elke geval 'n ander uitkoms vir hul situasies was. (15)

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 120**

**EINDE**